Die rol van kerke in openbare onderwys

Inleidend
Op 'n onlangse indaba waar al die belangrike rolspelers was – onder wie die minister van onderwys, skoolbeheerliggame en onderwysersvakbonde – is die krisis in onderwysgeledere in oënskou geneem. In 'n dokument is erken dat daar groot probleme is. Die dokument bevestig dat die meeste van die onderwyserskorps nie toegerus is vir hul werk nie, die meeste skole nie die nodige hulpmiddele het nie en die geletterdheids- en syfervaardigheidsvlakke van die meeste leer-linge so laag is dat Suid-Afrikaanse leerlinge laaste is in elke groot internasionale geletterdheids- en syfervaardigheidstoets. Die aanbevelings sluit in dat uitkomsgebaseerde onderwys (UGO) hersien moet word. Daar is lank gewaarsku, ook deur die kerk op verskillende forums, dat dié stelsel nie vir ons unieke behoeftes geskik is nie. Daar sal om die skade te herstel teruggekeer word na basiese onderwys wat, kinders leer lees, reken en skryf. Om die onderwys te red, is egter veel meer as ’n nuwe kurrikulum nodig. Nie net is die opleiding en heropleiding van onderwysers ’n prioriteit nie. Aandag moet ook gegee word om die probleme met dissipline, wat ’n krisisvlak bereik het, te hanteer. Die vraag is of die kerk ook 'n rol kan speel?

Die rol van die kerk
Kerke het deur die eeue heen ’n wesenlike rol in onderwys gespeel. Vele skole in Suid-Afrika is aanvanklik deur kerke tot stand gebring, kerklike leiers het ’n wesenlike rol gespeel in godsdiensopvoeding en –beoefening in skole, predikante in beheerliggame was volop en kerklike kommissies en afvaardigings het wesenlike bydraes gelewer tot ontwikkeling van onderwyswetgewing en –beleid. Sedert die aanbreek van die nuwe politieke bedeling het die stem van die kerke in onderwys toenemend stiller word. In ’n sekulêre land met ’n grondwet wat vryheid van godsdiens en godsdiensbeoefening in ’n Handves van Regte verskans is die geleenthede groot om 'n rol te speel. Die kerk moet kreatief gaan kyk waar hy 'n wesenlike rol kan speel.

Wat kan die kerk doen?
In die opsig word daar nie net gedink aan wat die kerk op sinodale vlak kan doen nie maar veral op gemeentelike vlak.
1. Beheerliggaamverkiesings
Verkiesings van beheerligggame in openbare skole word elke drie jaar gehou. Die volgende rondte verkiesings vind juis in 2009 plaas. Vanweë die moedeloosheid met die toestand in skole word dit toenemend moeilik om ouers te vind wat oor die nodige kennis en vaardighede beskik om op beheerliggame te dien. Ouers versaak ook hulle taak om vir beheerliggaamverkiesings op te daag. Minstens een geval van ’n skool waarin verreweg die meerderheid leerders bely dat hulle Christene is het onder hierdie versuim drastiese veranderinge ondergaan. Die skool het onbeskaamd ’n christelike etos uitgeleef maar omdat die ouers nie opgedaag het vir die verkiesing nie, is ’n groepering wat hulle beywer het vir die afskaffing van die skool se godsdiensbeleid, tot die beheerliggaam verkies. Die nuwe beheerliggaam se eerste besluit was om die skool se godsdienbeleid af te skaf!
Kerke moet nou reeds begin om hulle lidmate aan te moedig om hulself verkiesbaar te stel en om aan die verkiesingsproses deel te neem.
Hierdie jaar sal aandui of ons die skole in gemeenskappe het wat ons verdien om te hê. Anders gestel: ons skole sal in die toekoms toenemend ‘n weerspieëling wees van die gemeenskap waarin daardie skool geleë is. Dit is in elkeen van ons se eie hande hoe ons graag ons gemeenskap weerspieël wil sien! Belangriker egter: dit is elkeen om te bepaal of die beheerliggame in ons gemeenskappe enige doel gaan dien
2. Werwing van jongmense vir die onderwysprofessie
Daar is al by herhaling in die Kerkbode gerapporteer oor die dramatiese te kort aan opvoeders. In die pers was daar ook onlangs artikels wat die dreigende katastrofe bespreek. Die noodsaak dat jongmense aangemoedig moet word om hulself as opvoeders te bekwaam spreek vir sigself.
3. Die vestiging van ’n waardegedrewe en etiese gemeenskap
Die geweld en wangedrag wat ons in openbare skole beleef, is bloot net ’n weerspiëling is van dit wat in die gemeenskap aangaan. Navorsing bevind dat die hoogste risiko vir die sukses van die onderrig van etiese waardes op skool geleë is in die feit dat leerders en opvoeders dit wat geleer word nie in hulle gemeenskappe beleef nie. Anders gestel: solank

die waardes en etiese gedrag van gemeenskappe nie verander nie, sal daar van die onderrig hiervan in skole nie veel tereg kom nie. Van alle gemeenskapverbande is die kerk die beste gesposisioneer om ’n verskil aan hierdie situasie te maak. Dit is juis die kernbesigheid van die kerk.

4. Ondersteuning van skole, beheerliggame en onderwysers

Daar is 'n moedeloosheid onder skoolleiers en onderwysers. Plaaslike gemeentes behoort aangemoedig te word om hierdie mense in hulle taak te ondersteun. Blote voorbidding in ’n personeelkamer sal alreeds ’n groot bydrae maak sonder dat dit ’n groot opoffering verg. Daar is egter sekerlik veel meer wat gedoen kan word en kerklike leiers kan deur gesprek met skoolhoofde, onderwysers en beheerliggame vasstel welke verdere hulp aan die skool/skole binne hulle gemeentegrense verleen kan word.

Dit is paar sake wat aandag behoort te geniet in plaaslike gemeentes. Daar is natuurlik legio ander moontlikhede waardeur die kerk 'n ongelooflike rol kan speel. Hier kan maar net gedink word aan die fasiliteite wat die kerk kan beskikbaar stel, die bronne wat hy kan beskikbaar stel itv afgetrede onderwysers en andere wat pakkette moes aanvaar. In terme hiervan het die kerk 'n groot bydra te maak, 'n groot rol te speel

.